

Donderdag 4 November

Skrifgedeelte: Jesaja 5:1-8	Fokusgedeelte: Jesaja 5:2
-----------------------------	---------------------------

Wat meer sal Ek doen?

Ons lees 'n pragtige lied oor die verhouding tussen God en sy volk Israel (in besonder Juda) ... Die vergelyking gaan oor 'n boer en sy wingerd ... 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel, voorberei met die grootste sorg ... veredelde wingerdstokke, 'n wagtoring en parskuip. Die allerbeste gedoen met die verwagting van 'n goeie oes waarin hy hom kon verheug. Maar 'n diepe teleurstelling volg, die oes is swak en die duiwe bly suur (wilde duiwe).

Dan die interessante wending: nie meer die profeet nie, maar die boer self kom nou aan die woord, en daar ontstaan 'n geding tussen hom en sy wingerd. As die boer tot die slotsom kom dat hy niks meer vir die wingerd gaan doen nie, bly niks anders oor nie as vernietiging. Die inwoners van Jerusalem en Juda word tot arbiters in hierdie regsding geroep, wat beteken hulle oordeel oor hulleself.

Van vers 7 af word hierdie gelykenis toegepas. Die Almagtige is Here, Eienaar van die wingerd, sy volk Juda. Hulle is as wingerd geplant en versorg sodat Hy Hom in hulle kon verlustig (vgl. Ps. 80). Maar sy koestering was tevergeefs, in plaas van reg was daar onreg, in die plek van geregtigheid net die hulpgeroep van die verontregtes.

Hierin maak die Here sy teleurstelling bekend: as die verbondsvolk die sorg en liefde van God in Christus verwerp, moet hulle nie verbaas wees as Hy negatief oor hulle oordeel nie. Ons moet dit ter harte neem dat as die liefdevolle versoening van ons Here Jesus Christus misken en geïgnoreer word, wag daar ellende en verwerping.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)